Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Movies

# Toy Story 2

## Jessaja 49:14-18

*Woody, Andy se speelgoed-cowboypop, skeur en hy beland op die rak. Uiteindelik steel 'n speelgoedversamelaar hom. Vir Woody word dit die uitweg om nie weggegooi te word nie.*

*Andy gaan immers nie vir altyd klein bly nie. Soos vir Sion (v14), is dit ook een van die grootste vrese - om op 'n rak te beland met niemand (God of mens) wat meer vir ons omgee nie.*

*Die Here self gee vir ons die versekering dat, soos 'n vrou bitter moeilik haar eie baba sal vergeet, Hy ons glad nie sal vergeet nie (v15). Soos ' n verliefde, sal Hy sy kinders se naam in die handpalm uitkrap(v16)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Dit is Buzz Lightyear wat Woody daaraan herinner dat hy nie gemaak is om 'n versamelstuk te wees nie, maar om Andy se liefde te ontvang. (Bybel 24/7)*